higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOEREKONOMIE
NKR VLAK 4

(11020304)

1 Maart 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik 'n swart of blou pen.
5. Laat DRIE reëls oop na elke vraag.
6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Voorraad ('Supply') is the hoeveelheid goedere en dienste wat verskaffers beplan om oor 'n spesifieke tydperk aan 'n spesifieke mark beskikbaar te stel.

1.2 Mediumafstandvliegtuie is vliegtuie wat voldoen aan die verbruikersvraag na reis binne 'n kontinent.

1.3 Een van die faktore wat modale kenmerke beïnvloed, is onverwagte prestasie

1.4 'n Infrastruktuur-knelpunt ('infrastructure bottleneck') word beïnvloed deur sekere prosedures en take in die aanbodketting ('supply chain').

1.5 Een van die mikpunte en doelstellings wat verkeersbestuur ('traffic management') probeer bereik, is dat die verkeer bly beweeg.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Definieer die volgende begrippe:

2.1 Mark

2.2 Vervoerkoste

2.3 Prysbepaling volgens die totale koste ('Full-cost pricing')

2.4 Kostefunksie

2.5 Monopolie

(5 × 2) **[10]**

NCV

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Werk, energie en geld wat benodig word om soms van een plek na 'n ander te beweeg	A	vervoermeersoortige voorsiening ('intermodal supply')
3.2	Hoe vragafmetings in die vragvoertuig inpas	B	sosiale koste
3.3	Lug- en watervervoerstelsels maak staat op die kapasiteit van eindpunte ('terminals') wat dit aanbied	C	vraagelastisiteit
3.4	Totale koste vir die samelewing om 'n vervoerdiens aan te bied	D	uitvoerbevorderingseenheid ('export promotion unit')
3.5	Verantwoordelik vir die ontwikkeling en implementering van streeksuitvoerstrategieë ('regional export strategies')	E	stoubaarheid ('stowability')
		F	wrywing van afstand ('friction of distance')

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 4

Lees die gedeelte hier onder en beantwoord die vrae.

Baie mense in Suid-Afrika gebruik treine vir hul daaglikse vervoer. Daar is faktore wat die aard van hulle vereistes ('demands') beïnvloed. Aan die ander kant staar die PRASA Spoorbedryf ('Rail Operations') groot uitdagings in die gesig.

4.1 4.1.1 Verduidelik DRIE faktore wat die aard van mense se vereistes beïnvloed. (3 × 2) (6)

4.1.2 Bespreek enige TWEE uitdagings wat deur die PRASA Spoorbedryf in die gesig gestaar word. (2 × 2) (4)

4.2 Noem en verduidelik EEN soort elastisiteit waarvolgens die vraag na goedere en dienste geklassifiseer kan word. (1 + 2) (3)

4.3 Noem DRIE soorte vervoerders ('carriers'), en beskryf elkeen volgens die buigsaamheid wat hul vervoerdiens bied. (3 × 3) (9)

Kopiereg voorbehou

4.4 Bespreek DRIE soorte hoofregulasies wat tipies beheer oor private ondernemings uitoefen. (3 × 2) (6)

[28]

VRAAG 5

Lees die stelling hier onder en beantwoord die vrae.

Padvervoer is die gewildste vervoermetode, uit die perspektief van aanvraag ('demand') en diensverskaffing.

5.1 Gee DRIE redes om hierdie stelling te staaf. (3 × 2) (6)

5.2 Noem en verduidelik VIER vervoervraagpatrone ('transport demand patterns') wat vervoerdiensverskaffers nie kan beïnvloed nie. (4 × 2) (8)

5.3 Lees die gedeelte hier onder en beantwoord die vrae.

Die hoeveelheid wat aangevra word verhoog namate die prys van vervoerdienste verlaag. Veronderstel dat vervoerverbruikers treinkaartjies koop om aan hulle vraag na vervoer te voldoen. Die volgende tabel toon die prys van elke treinkaartjie teenoor die getal treinkaartjies wat aangevra word.

Prys per kaartjie	Getal kaartjies aangevra
18	0
15	20
12	40
9	60
6	80
3	100

Trek 'n grafiek en stip ('plot') die prys per kaartjie en die hoeveelheid kaartjies wat aangevra word. (4)

5.4 Beskryf VIER primêre kenmerke van produkte wat deur middel van water vervoer word. (4 × 2) (8)

5.5 Gee TWEE voorbeelde van produkte wat deur middel van water vervoer word. (2)

[28]

VRAAG 6

6.1 Noem VIER belanghebbers ('stakeholders') wat by verkeersbestuur betrokke is. (4)

6.2 Noem en beskryf enige TWEE soorte metropolitaanse tolskemas ('road pricing') in verkeersbestuur. (6)

Kopiereg voorbehou

6.3 Lees die gedeelte hier onder en beantwoord die vrae.

> 'n Geïntegreerde vervoernetwerk behels minstens twee vervoermetodes om passasiers of vrag tussen hulle oorsprong en hulle bestemming te vervoer. Om dit te doen word 'n meersoortige vervoerketting ('intermodal transport chain') gebruik om verskillende vervoernetwerke te integreer, of te kombineer. Die proses om aparte vervoernetwerke te integreer, veral in vragvervoerdienste, het verskeie faktore na vore gebring.

Noem DRIE faktore wat lande wêreldwyd in staat gestel het om in die rigting van 'n geïntegreerde vervoernetwerk te beweeg. (3 × 2) (6)

6.4 Goedere wat Suid-Afrika binnekom moet volgens klassifikasies verklaar ('declared') word.

Noem VIER van hierdie klassifikasies. (4 × 2) (8)

[24]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

NCV

Kopiereg voorbehou